

HOOFTUK I.

DIE KRISTELIKE HUISGESIN.

I. Wat is die huisgesin?

Dit is 'n klein ryk.

Die Vader is die hoof daarvan en hy neem hierdie gesag op hom, wat in wysheid vasgestel is en met tere liefde uitgeoefen word. Die bron van alle mag en heerlikheid het hierdie wet ingestel, en met hierdie gesag gaan tewens 'n groot verantwoordelikheid gepaard. Niks kan in die plek hiervan gestel word nie. Daar word dus by so'n heerskappy ook 'n onbepaalde gehoorsaamheid gevorder, opdat dit aan die doel sou beantwoord. Dit is 'n afskaduwing van daardie gehoorsaamheid wat eenmaal aan die Hemelse Vader deur Sy geheiligde kinders bewese sal word. „Alsdan zal het einde zijn, als Hij 't koninkrijk zal hebben overgegeven aan God de Vader”.

Die huisgesin is

'n Kweekplek.

Die denkbeeld is ontleen aan 'n aardse wetgewing, waaraan plante en diere onderworpe is. God spreek van 'n edel „wijnstok te planten”.

So is die huisgesin. Dit vereis, net soos die wynstok: voeding, beskerming, verpleging. Kristelike huisgesinne is die kweekskole van Kristus se sigbare Kerk op aarde, net soos die kerk die voorbereidingsplek van die hemel is. Hierdie kweekplek is wel onaansienlik, maar dit bevat die grondslag vir 'n toekomstige ewigheid. Die ontwikkeling wat daar plaasvind, is onsterflik. Daar kry liggaam en gees hulle eerste ontwikkeling. Hoe gelukkig as die voortekens gunstig is! 'n Reeks van verbintenisse wat onverganklik bly, word daar aangeknoop; gewoontes wat hulle in die siel afspeel, indrukke word daar oorgeneem wat deur geen tyd kan uitgewis word nie en wat selfs in die ewigheid bevestig en voortgesit sal word. Wat ons saai, sal ons ook maai. „Die in de geest zaait, zal uit de geest het eeuwige leven maaien”.

Die huislike kring is

'n Skool.

Die ouers is daar die opvoeders. Met watter skoonheid van taal en verhewe styl het die Hemelse Wetgewer die stand en die betrekking van ouers oor hulle kinders gestel. Ons vind hierdie instelling beskrywe in Deut. 6:7. Die ouderlike plig moet orals betrag word, sowel tuis as buitenshuis; soggens, saans, ja orals en in alle omstandighede. Hoe gelukkig is die kind wat sy vader as sy leidsman erken! Hoe gelukkig is die vader wat kan sê: „Hoort, gij kinderen, naar de onderwijzing en tucht uws vaders”. Praat nie van weelde, nalatenskappe, eiendomme, wat as erfenis agtergelaat word

nie. Die beste erfenis is die opleiding van die siel vir die ewigheid. Helaas! hoe vele word daar in skandelige pligsversuim opgebring!

Die huisgesin is

'n Geselskap.

Daar vind ons al die beginsels van die maatskaplike verbintenisse: getal, verstandelike vermoëns, geneighede, karakters, verstandsontwikkeling, geeskrag. Siedaar die grondslag van die burgerlike maatskappy. Die gesag, die vooruitgang en die voorspoed, wat ons in verskillende gedaantes en vorme aantref, vind ons in dieselfde hoedanighede en huislike voorwaardes terug. Hierdeur alleen kan die maatskaplike toestand van sake verbeter word.

Die huisgesin is

'n Heiligdom.

Hier tref ons 'n skuilplek aan teen aardse teleurstellings en kwale, as daar tenminste op aardé êrens 'n plek te vinde is. Die huislike kring is net so welkom vir die handelaar wat met besighede vervul is, as vir die deurvermoeienisse afgematte arbeider, die geleerde en die staatkundige. Die seeman vind daar 'n toevlugsoord teen die onstuimige golwe; die krygsman rus daar uit van sy stryd; almal wat vir die lewensstryd moeg is, vind in huis 'n rusplek van die vermoelenisse van die lewe, waar die hart in sekerheid is, waar geen twyfelinge die koms steur nie en waar die aankoms deur elke lid van die gesin verwelkom word.

Die goedgereelde huisgesin is

'n Klein gemeente.

Gelowige ouers en hulle kinders, as hulle in heilige gemeenskap met God lewe, maak deur hierdie band 'n Kristelike kerk uit. So'n huisgesin is die ewebeeld in 't klein van die ganse huisgesin wat eenmaal in die hemel verenig sal word. Paulus skryf aan Filemon: „Aan de gemeente in uw huis”. Gelukkige huisgesin! Dikwels gelukkige huishou! God is hulle Vader, Kristus hulle oudste Broer, die Heilige Gees hulle Leidsman. Die huisgesin is die voorportaal van die hemel. Dit is die drempel. Daar word die gebed in lieflike geure na die hemel opgestuur.

Die band wat die aardse huisgesin met die hemelinge verbind, word geensins deur die dood verbreek nie, maar hierdeur juis geheilig en gesterk. Die graf baan slegs die weg tot 'n ewige heerlikheid.

2. Die Huwelikslewe.

„En Izak bad die Heer zeer in de tegenwoordigheid van zijn huisvrouw.” *Gen. 25:21.*

Daar is in die lewe geen gebeurtenis waarby die aangesig van die Here ernstiger behoort gesoek en geraadpleeg te word nie, as die huwelik. En hoe weinig gebeur dit! Jongmense vat 'n voorneme op, en as die omstandighede dit toelaat, verbind hulle hul deur die huwelik.

Hulle vra nie of die persoon met wie hulle hul gaan verbind, godvresend is of nie. Hulle vra nie of die verbintenis vir die heil van hulle siele voordelig of nadelig sal wees nie. Hulle vra nie om gesamentlik in die liefde van die Here deel te mag hê nie. Hulle maak geen afspraak om saam die Heer te dien nie.

En nogtans glo hulle dat so'n huwelik met die wil en die goedkeuring van die Heer geskied. Hulle hou dit daarvoor dat die Heer hulle saamvoeg, terwyl dit dikwels niks anders is nie as die begeerlikheid van die oë en van die vlees (1 Joh. 2 : 16). Vandaar, dat so baie eggenote met mekaar die weg van die sonde en die wêreldsgesindheid bewandel, of wel dat daar sulke ongelyke, ongelukkige huwelike plaasvind waarin die een die Heer wil toebehoor en die ander die wêreld wil dien. Dit is 'n vreeslike toestand!

Die bese koning *Achab* sou nooit so'n goddelose mens geword het nie, as hy nie die slegte Isebel tot vrou geneem het nie (1 Kon. 16 : 31). Hy was 'n swak man en met 'n godvresende vrou sou hy 'n beter mens gewees het.

Herodes sou Johannes die Doper nooit laat onthoof het nie, as hy nie met die goddelose Herodias gelewe het nie (Matt. 14 : 3, vv.). *Abigail* sou 'n gelukkige vrou gewees het, as sy nie met die Belialsman, Nabal, gehuud gewees het nie (1 Sam. 25).

En so is dit teenswoordig nog. Hoe baie is daar nie wat onbedagsaam in die huwelik tree nie, en deur hulle eggenote, in plaas van aangespoor te word tot die goeie, daarvan afgehou

word. Daarom vermaan die Apostel die gelowige om *geen ander juk aan te trekken met de ongelovigen* (2 Kor. 6 : 14), *en om te trouwen alleenlik in de Heer*, d. w. s. alleenlik met iemand wat die Heer ken.

Maar, hoe kan ons dit weet? Ons kan tog nie iemand se hart lees nie! Op dié manier sal daar maar min mense trou! Antwoord. Hoe ons dit kan weet? Deur daar ondersoek na te doen. Sou ons dan geen onderskeid tussen 'n godsdienstige en 'n ongodsdienstige persoon kan sien nie? Tussen 'n onverskillige en tussen een wat die Heer liefhet nie? Verseker, daar is 'n onderskeid, en ook 'n grote en sigbare. En indien u self die Heer ernstig soek, sal u dit self ontdek. En wat betref dat daar op dié manier min huwelike sou aangegaan word, antwoord ons hierop dat op dié manier min *ongelukkige* huwelike sou plaas hê, en daar nie so baie mense wat wens om die Heer te dien, onder die onverskilligheid en ongodsdienstigheid van hulle eggenote sou te sug hê nie.

Voordat die Heer vir Rebekka aan Isak tot vrou gegee het, *ging Isak uit in het veld tegen het naken van de avond* (Gen. 24 : 63), en ongetwyfeld was die onderwerp van sy smeking, dat die Heer hom 'n godvresende eggenote moes gee. Want hy het die waarheid gewet van wat ons in Gods Woord lees: „*De bevaligheid is bedrog, en de schoonheid ijdelheid, maar een vrouw, die de Heer vreest, die zal geprezen worden* (Spr. 31 : 30). *Een verstandige vrouw is van de Heer* (Spr. 19 : 14). *Die (zulk) een vrouw gevonden heeft, heeft een goede zaak*

gevonden, en hij heeft welgevallen getrokken van de Heer" (Spr. 18:22).

Liewe leser, wellig is u reeds 'n lang tyd getroud. U het reeds jare met u vrou gelewe, geëet en gedrink, die goeie en die kwaaië geniet. Het u al ooit met u vrou oor u ewige belange gepraat? Oor die toestand van u siele? Oor die bekering? Het u al ooit saam met u vrou gebid? Het u al ooit saam met mekaar op u knieë u sonde bely, die Heer Jesus om Sy genade gesmeek?

Van Isak staan daar: *Hij bad de Heer zeer in de tegenwoordigheid van zijn huisvrouw.* Hoe het u so lank so met mekaar saam kon lewe? O! ek bid u, as u mekaar wil liefhê in die Heer, as dit u erns is om u huisgesin op 'n Kristelike wyse in te rig, as u met mekaar in die liefde van die Heer Jesus wil deel, buig dan gesamentlik u knieë in die stille eensaamheid, bid met mekaar vir mekaar, u sal mekaar op 'n gans ander wyse as vroeër leer lief kry. Baie onaangenaamhede en verdrietlikhede sal op die manier voorkom word.

Wat 'n vreeslike gedagte moet dit wees, wanneer die dood een van u twee weggeruk sal het, en u u sal moet verwyte dat u nooit saam aan die voete van die Heer Jesus neergeknieel het nie! Wat 'n vreeslike gedagte, as u self tot 'n waaragtige bekering en wedergeboorte deur die Heilige Gees gebring word, dat diegene wat u die meeste hier op aarde liefgehad het, met wie u hier so lange jare verenig was, verlore is en dat ook van u die woord waarheid geword het: *Twee zullen op een bed zijn; de*

een zal aangenomen en de ander zal verlaten worden. (Luk. 17 : 34).

Kom, neem die goeie besluit. Stel u voorname aan u vrou voor. Kniel saam neer. Bely u skuld, dat u met mekaar die Heer so lank verwaarloos en geminag het. Vra die Heer om u as Sy dienskneg en diensmaag aan te neem. En verbind u plegtig met mekaar voor Hom om gesamentlik die sonde en die wêreldse ydelhede te verlaat en Hom met u huis te dien.

Mog die Heer u daartoe help en u seën en u besluit verseël met die ondervinding van Sy genade!

3. Die Doel van die Huwelik ¹⁾.

Die huwelik is deur God ingestel en is dus heilig. Sy doel daarmee is die voortplanting van die mensheid en daarom skenk Hy in die huwelik as 't ware 'n skeppende krag — 'n krag wat die naaste verwant is aan Gods Skepping. Die heilige doel van die geslagsorgane is dus heerlik en verhewe. Helaas, die huwelik word nie altyd aangegaan met hierdie heilige doel voor oë nie, dit is meermaals 'n soeke na bevrediging van allerlei vleeslike luste; en die geslagsorgane word misbruik i. p. v. gebruik te word tot eer en verheerliking van God.

Dat so'n botvier van die vleeslike luste

¹⁾ Hierdie bydrae is uit die pen van die Gesondheidsdokter wat gereeld skryf oor die Gesondheidsleer in die maandblad *De Zending-Bode*, onder redaksie van Eerw. A. Dreyer.

nadelig werk op die persoon wat daaraan toegee, is sonder die minste twyfel. Misbruik van 'n goeie gawe van God word steeds gewreek aan hom of haar wat so'n misbruik in die hand werk. Die sonde kom ook steeds sy loon eis van die sondige mens. Maar, wat baie mense nie beseft nie, is dat so'n botvier van vleeslike luste baie nadelig werk op hul kroos, die kinders wat uit so'n huwelik gebore word.

Veral in die eerste maande van swangerskap is die senugestel van die kind wat gebore sal word, uiters vatbaar vir indrukke, ten goeie of ten slegte; en as ouers later hulle kind sien ly aan stuipe, of as die kind swak van verstand is, dan beseft hulle nie dat dit grotendeels hulle eie skuld is nie, deur die sonde in die huweliksgemeenskap bedryf. Hulle verstaan dit nie dat hul kind die gemoedstemming waarin hulle verkeer het toe hy die lewe deur hulle ontvang het, van hulle oorerf nie. 'n Kort verhaal sal dit kan verduidelik.

'n Sekere dokter wat gedurig aan boord van 'n stoomskip was, kon maar selde tuis wees; eenmaal was hy vir 'n paar dae tuis onderwyl hy aan aangesigspyn gely het. Uit die huweliksgemeenskap van hierdie paar dae is toe 'n kind gebore wat geblyk het aan swakte van senuwees te ly. En dit terwyl al sy ander kinders baie gesond was en geen sensusiekte geken het nie.

Ook dra die kind van die dronkaard wat in beskonke toestand van die huweliksgemeenskap gebruik maak, maar al te dikwels die spore van die vader se sonde.

Om hierdie redes mag dit wel steeds 'n

ernstige oorweging wees vir die wat in die huwelik wil tree, om hulleself af te vra: Is die man of vrou wat ek vir my aanstaande eggenoot gekies het, gesond en sonder slegte gewoontes of sondige swakhede? Sal die heiligheid van my huwelik deur hom of haar vasgehou word?

Wellig is daar ouers wat reeds van hulle eie kindsheid af, met sensuswakte te sukkel het, en moet dit by hulle wel 'n ernstige besluit word om alle senustorende dinge ver van hulle kinders te hou. Ook moet 'n ouer weet om hom in die volkome vertrouwe van sy kind in te werk, veral deur in sy kinderlike bestaan mee te lewe. Die kind se verdriet, sy blydschap, sy moeilikheid en sy vreugde moet aan die ware ouer bekend wees en daardeur die weg berei tot vertrouwe in latere leeftyd; die kind moet die vader en die moeder alles wil meedeel wat in sy lewe voorval, ook met betrekking tot die belangrike organe van die lewe.

Hoeveel kinders is daar wat, as hulle groter word, skuldig is aan „selfbesmetting”, en dit veelal omdat die ouers nie gewaarsku het nie teen die praatjies en vertelsels wat by die skool of op straat gehoor was! En hoe dikwels werk die ouer daartoe mee deur allerhande onwaarhede te vertel? As daar 'n ander kind in die huisgesin gebore word, waarom word daar dan vertel „dat 'n bobbejaan die kind in die berg gevang het”, en ook „dat die dokter die kind gebring het”?

Daardeur word die vertrouwe van die kind weggewerp, en later vertrou hy sy ouers ook nie meer op ander punte nie. Waarom word

daar nie liefers aan. die kind gesê nie: Jy verstaan nou daardie dinge nog nie, maar ek beloop dat ek jou later alles sal vertel wat vir jou goed is.

Waartoe moet daar ook allerlei senu-indrukke teweeg gebring word deur spookstories en paaiboelieleuens te vertel? Dit werk op die senuwees van die kind en sal later 'n sterk invloed hê op allerlei onheilige geslagsdriete. En daartoe werk dan die ouer mee. Laat die ouer die kind by sy opgroei op alle gevare wys en hom wyslik toerig tot die taak van die lewe wat ook insluit die later vader of moeder wees.

As die kind die ouderdom van 12 tot 14 jaar bereik het, kan die ouers hom of haar o. a. die volgende nuttige boeke oor seksuele vraagstukke gee om te lees: „*Wat een jonge man behoort te weten*”, deur Dr. S. Stall; „*Wat een jong meisje behoort te weten*”, deur Dr. (Mevr.) Mary Wood—Allen; dié twee boeke, aanbeveel deur baie predikante, is verkrygbaar by die Uitgewers van hierdie boekie. Verder nog: „*In vertrouwen aan jongens*”, ook verkrygbaar by dieselfde boekhandelaars. Al hierdie boeke is ook in Engels by alle soliede boekverkopers te kry.

4. Met verstand by haar woon.

Na aanleiding van hierdie bekende woorde uit die huweliksformulier wat helaas! deur getroudes nie genoeg gelees en betrag word

nie, sê 'n skrywer in 'n buitelandse Kerkblad 'n paar raak dinge. Kyk 'n bietjie wat hy skryf:

„Inderdaad verdien hierdie opmerkings die ernstige oorweging veral van die vaders wat oor die te snelle uitgroei van hulle gesin sug. Hulle hoop dan maar dat daar nie meer mog kom nie. Hul meen dan om in die huwelik maar vry na hulle luste te mag lewe, en skuif dan vroom alle verantwoordelikheid van hulself af op God aan Wie hulle dan kastig die uitkoms oorlaat.

Daarby vergeet hul egter dat die mens, as God hom die vermoë skenk om lewe te verwek, nie alleen volgens 'n drang van die natuur moet handel nie, maar ook en veral kragtens besluit van die wil. Daarin tog kom juis die onderskeid uit tussen die mens en die dier. Die wilde ongebreidelde lus is dierlik en daarom onmenslik. By die mens moet die natuurdrif onder die heerskappy van die sedelike wil staan. En so is die mens dan as redelike wese ook verantwoordelik vir sy handeling.

Nou ja, daardie verantwoordelikheid moet ook erken word met betrekking tot die uitbreiding van die gesin. En in Gods oog is dit sonde, wanneer in die huwelik saamgelewe word sonder om ook maar enigsins met die uitkoms te reken. Ook die huwelikslewe behoort onder die heerskappy van die Kristelike tug te staan. Die huwelikslewe moet kuis wees en onder tug staan. Ook die huwelikslewe moet aan die maat van selfbeheersing gebonde wees. Man en vrou wat 'n huwelik aangaan sonder dat die lewensvoorwaardes om die gesin straks met

God en met eer te onderhou daar is, handel onverantwoordelik en sondig. Onsedelik is 'n huwelik waarin die agting wat ons mekaar as mens verplig is, nie bewaar word nie, en dit dikwels ten koste van die welstand en die lewenskrag van die vrou."

Die Afrikaanse skryfster Olive Schreiner, vertel hoe, toe sy 'n kind was, die regte verhouding tussen die sekse, tussen die manlike en die vroulike geslag, vir haar duidelik geword het uit wat sy by die voëltjies opgemerk het, en veral by twee soorte voëls, t.w. die kokkewiet en die kapokvoëltjie. Sy het opgelet hoe dat eersgenoemde sy minnelied nooit alleen sing nie, maar twee of drie note laat hoor, en dat dan die wyfie daar twee of drie ander note byvoeg. In die geval van die kapokvoëltjie word daar 'n liewe mollige nes deur mannetjie en wyfie saam gebou uit die kapok van 'n sekere soort bossie, en onmiddellik naas die bek van die nes maak hulle 'n kleiner nessesie waarin die mannetjie wag hou, terwyl die moedervoëltjie op die kosbare eiertjies sit.

Hieruit kan getroudes 'n baie nuttige les leer, en veral die man om die vrou in die huweliksbetrekking en vernaam in die maande van swangerskap te spaar — nie alleen om haar ontwil nie, maar ook terwille van die ongebore kindjie. In daardie tyd het die vrou besondere beskerming nodig.

„Op daardie eer en spaar van die vrou in die egtelike bywoning doel die apostoliese vermaning, dat die man by die vrou moet woon met verstand en die vroulike liggaam, as die

swakste, eer moet gee. Waar die swakker vat aldus geëer word, sal die natuurdrif van die man vanself geketen word. Dit is die selfverloëning wat ook in die huwelik geëis word. Dit is die selfkruisiging waarvan ook die huweliksformulier spreek, as dit sê dat die getroude gewoonlik nie alleen velerlei teenspoed oorkom nie, maar ook kruis vanweë die sonde. Dit is die kruisiging van die vlees in die huwelik. Daarom sê die Apostel van gehudes: hulle sal verdrukking hê in die vlees. Maar salig wie geleer het om in die krag van die Heilige Gees ook hierdie huwelikskruis, hierdie kruisiging van die vlees, vrolik te dra.”

5. Reëls vir Gehudes.

1. Vergeet nooit dat die huwelik 'n instelling van God is nie en dat Sy seën alleen dit kan maak wat dit behoort te wees.
2. Daar is niks wat die huislike geluk meer bevorder nie as die beoefening by man en vrou van volkome onbaatsugtigheid.
3. Of u alleen is of in geselskap van ander, laat u nooit onvriendelik teenoor mekaar uit nie.
4. Wees nooit albei tegelyk toornig nie.
5. Spreek nooit hard tot mekaar nie tensy u huis aan brand is.
6. Trag altoos om aan mekaar se wense te voldoen.
7. Laat selfverloëning daaglik sowel u doel as u praktyk wees.
8. Sien nooit iets verkeerd in mekaar nie

tensy dat u seker is dat daar iets verkeerd is, en spreek dan met mekaar in liefde.

9. Verwyd mekaar nooit iets wat reeds verby is nie.

10. Laat 'n billike versoek nooit tweemaal geskied nie.

11. Verwaarloos liewers alles dan mekaar.

12. Maak nooit aanmerkings ten nadele van mekaar nie.

13. Gaan nooit vir die dag van mekaar weg sonder om liefdevolle woorde om oor te dink gedurende u afwesigheid, agter te laat nie.

14. Laat u ontmoeting nooit anders wees nie as met 'n hartlike welkom.

15. Laat die son nooit oor u toorn of ongenoeë ondergaan nie.

16. Het u 'n fout begaan, versuim dan nie om dit te erken en om vergewing te vra nie.

17. Vergeet nooit die gelukkige tyd van u eerste liefde nie.

18. Sug nooit oor wat verby is nie, maar doen u voordeel met wat teenwoordig is.

19. Rus nooit totdat u seker is dat u albei op die „enge” weg wandel nie.

20. Laat niks minder as die hoop op 'n „Ewige Tehuis” u tevrede stel nie.

6. Enige Vrae in verband met die Huwelik.

1. *Mag 'n Kristen ooit met 'n ongelowige trou?* Vervas nie. Om sulks te doen, beteken ongehoorsaamheid aan die duidelikste voor-skrifte van Gods Woord. God sê in 2 Kor. 6:14:

„Trekt niet een ander juk aan met de ongelovigen.” Wanneer twee mense met mekaar trou, dan is hulle in die teerste sin aan mekaar verbonde. Met „ongelovigen” in hierdie Skrif-aanhaling bedoel die Apostel Paulus nie net godloënaars nie, maar almal wat Jesus Kristus nie met 'n opregte geloof van die hart aanneem nie. Meer veelbelowende lewens ly skipbreuk en word verderwe deur 'n huwelik in stryd met die Woord van God dan byna op enige ander wyse. Party vrouens trou mans met die voorname om hul te bekeer. Sulke huwelike loop meestal op onvermydelike en onbeskryfbare ellende uit. 'n Mens kan nie hoop om, 'n ander te bekeer nie, as hy selfaan God ongehoorsaam is.

2. *Wat omtrent gemengde huwelike?* As deur gemengde huwelike bedoel word die troue van 'n blanke met 'n gekleurde, dan antwoord ons: Sulke huwelike is beslis af te keur. So ook die huwelik tussen Protestante en Roomse. Terwyl Protestante en Rooms Katolieke albei ware gelowiges in die Here Jesus mag wees, is nogtans die onderskeid tussen hulle so groot, so radikaal, dat 'n huwelik tussen die twee nie anders as wrywing en misverstand sal veroorsaak nie. Veral sal dit die geval wees wanneer daar kinders in die famielie gebore word en die vraag omtrent hulle doop en hulle opvoeding opkom. As die twee partye nie voor die huwelik met mekaar kan ooreenstem met betrekking tot die groot punte van verskil tussen Protestante en Roomse nie, dan is dit baie beter dat hulle nie trou nie.

3. *Is die huwelik tussen neef en nig geoor-*

loof? In die Bybel is daar geen bepaalde verbod dat neefs en niggies nie met mekaar mag trou nie; maar die blote feit dat huwelike onder bloedverwante binne sekere grade in die Mosaiese huwelikswette wel verbode word, wys daarheen dat huwelike liefs gesluit moet word tussen persone wat volstrek in geen betrekking van bloedverwantskap tot mekaar staan nie. Ook is dit 'n welbekende feit dat huwelike onder famieliebetrekkings wat na aan mekaar verwant is, blootgestel is aan groot natuurlike gevare. Indien daar 'n erflike besmetting in die famielie is, dan sal dit in die kinders wat gebore word, merkbaar wees. Die ondervinding leer dat in lande waar baie huwelike tussen bloedverwante plaasvind, die nadelige gevolge van sulke huwelike duidelik sigbaar is. Dr. S. M. Bemis toon aan dat van 8321 huwelike tussen neefs en niggies in Kentucky, Noord-Amerika, 3677 swak kinders voortgebring is: 1116 doofstommes; 468 blindgeborenes; 1854 idiote en 239 kliersiekes. Waarlik, die Bybel kan nie die huwelik, waarvan die gevolg op so groot onheil uitloop, tussen twee persone bekragtig nie!

7. Die Invloede van die Famiellewe.

In die Amerikaanse blaaiet het jare gelede 'n baie interessante opgawe van die nakomelinge van twee welbekende Amerikaanse famielies verskyn. Die een famielie is die Edwardse en die opgawe daarvan begin met die ouers van die beroemde Jonathan Edwards, gebore in 1703.

Die vader was 'n predikant en die moeder 'n predikantsdogter. Die kinders het in 'n eg kristelike omgewing opgegroeï en het die voorregte van 'n deeglike opvoeding geniet. Onder die nageslagte van hierdie kristelike ouers word daar gevind oor die driehonderd wat hulle uniwersiteitsgraad behaal het, veertien presidente van kolleges, meer as 'n honderd professore in kolleges, meer as 'n honderd regters, sestig dokters, meer as 'n honderd predikante, sendelinge en teologiese professore en ongeveer sestig skrywers wat 135 boeke uitgegee het en editeurs van tydskrifte was. In byna elke Amerikaanse nywerheid word 'n spruit van hierdie famielie onder die erkende voormanne aangetref.

Naas hierdie famielie word geplaas die famielie Jenkes wat maar nooit skool-toe wou gaan nie en te lui was om te werk. Hierdie hele opgawe is een van armoede en misdaad, verstandelike swakheid en kranksinnigheid. Onder die nageslagte word gevind 310 bedelaars, 400 wat hulle liggaamskragte deur hulle sondige lewe ondermyn het, 60 wat van diefstal geleef het en 130 wat as misdadigers gevonnissen is. Slegs 20 uit die 1200 het 'n ambag geleer (en 10 van hierdie getal het hulle ambag in die gevangenis geleer); — wat die treurigste van alles is, daar was nie minder as sewe moordenaars in hierdie berugte famielie nie.

Met so 'n opgawe voor ons is dit moeilik om die waarde van die famielielewe te skat. Dit help nie om kerke, gemeentes, bidure, Sondag- en dagskole te organiseer nie solank as die kinders van 'n volk in huise opgroeï waar hulle

onder nadelige invloede is. Is egter die ouers waarlik godvresend, is die huislike lewe vroom, word die kinders verstandig en in die vrees van God opgevoed, dan sal Kerk en Volk in een geslag opgehef, veredel word. Veral met die oog op sovele van ons volk wat, net soos die Jenkes-famelië, nie wil werk nie en baie ongeneë is om hulle kinders 'n opvoeding te gee, is statistieke soos hierdie 'n ernstige waarskuwing. Waar moet dit heengaan, as daar in menige famelië geen verandering kom nie! By die dag neem die behoefte toe aan inrigtings waarin kinders opgevoed kan word om na hoër ideale te streef as die wat hulle ouers maar te dikwels het. Maar, Goddank dat daar ook 'n ander kant van die saak is. Ons het ook huise waarin die kinders gedurig geleer word dat „de vrese des Heren het beginsel der wetenskap is”. Mog hulle getal steeds toeneem!

8. Hoe 'n gelukkige Huisgesin gevorm kan word.

I. Lees daagliks die Woord van die Heer en bid saam met en vir u kinders.

II. Laat die vrou sorg dat die huis net en skoon is, en laat sy haar eggenoot altyd met 'n vriendelike gelaat afwag.

III. Laat die man (wat eintlik die band van die huis moet wees)¹⁾ sy geld tuis gebruik

¹⁾ In Engels word die woord *man* as eggenoot en vader vertaal met „husband” wat „houseband” huisband beteken. Dis tog hy wat soos 'n sterk band of ketting die hele huisgesin saambind en verenig hou.

i. p. v. dit te verkwis. Prente aan die muur, 'n paar blomme in die venster, 'n aangename leuningstoel, nuttige boeke op die boekrak, strek almal tot veraangenaming van 'n huis.

IV. Stel die Sabbat groteliks op prys. As betaling vir ses dae se arbeid is die sewende dag die reg van die werksman. Ag, verkoop tog nie hierdie reg vir enige vermaak of wins nie.

V. Neem 'n vaste besluit om binne u inkomste te lewe en gaan hulle nooit te bo nie. Gebruik altyd bedagsaamheid.

VI. Wees verdraagsaam teenoor mekaar. Laat die een ook nie te veel van die ander verwag nie; trag veral om die gewoonte van gedurig te vit weg te doen.

VII. Trag altyd om elke geleentheidjie om 'n vriendelikheid te betoon waar te neem, en trag ook om 'n vriendelike houding jeens almal aan te kweek.

VIII. Laat die man die geselskap van sy vrou bo die van alle ander hoogskat en gedenk dat, hoewel daar belangrike sake met betrekking tot die maatskappy is om oor te praat, die van u eie gesin vir u die belangrikste moet wees.

IX. Streef daar na om u kinders sorgsaamheid te leer, en ook om eerbied en agting aan almal te betoon; leer hulle ook deur voorbeeld en leer die waarde van die ware godsdiens.

X. Probeer om u huis die aangenaamste plek op aarde vir u kinders te maak. 'n Plek deur die hemel geseën. Die soetste en lieflikste op aarde.

HOOFSTUK II.

DIE VADER.

I. Die Roeping van die Vader.

„Vaders!.... voedt hen op.”
Ef. 6:4.

Wat betref die opvoeding van die kinders spreek God in die eerste plaas tot die vader. En geen wonder; want

1. Die vader is die *verteenvoordiger van God* in sy huisgesin. In sy hoedanigheid weerspieël hy die betrekking wat daar bestaan tussen God en die verlose sondaars wat vir ewig aan Hom verbonde is deur die tere band van Kristus se bloed. Van God ontvang hy sy bevel, aan God is hy verantwoordelik. „Gij vaders! verwekt uw kinderen niet tot toorn, maar voedt hen op in de lering en vermaning des Heren.” Hoe verantwoordelik is die betrekking wat 'n vader bekleed! Wat het hy nie te doen, as hy hom onwaardig vir die vertrouwe wat God in hom gestel het, gedra! Hoe noodlottig is die gevolge, as sy kinders deur sy voorbeeld, nalatigheid of wanbestuur, opgroei tot oproermakers teen God en oortreders van Sy gebode!

2. Die vader is *Hoof en Heer* van sy huis. Al is hy daarbuite 'n dienaar van ander, in sy huis is hy koning, voer hy die hoogste woord, moet sy wil geëerbiedig word. Sy ont-sag ontleen hy onmiddellik aan God; niemand minder het hom in dié betrekking gestel nie. Hy maak aanspraak op agting, onderdanigheid en gehoorsaamheid, omdat God dit vir hom in Sy wet eis. Hy het niemand minder as God nie om sy gesag teenoor oproerige kinders te handhaaf. Wat 'n eervolle betrekking is die van 'n vader van 'n huisgesin!

3. Die vader is die *Deurwagter* onder wie se sorg en beskerming dié skape geplaas is. Dis hy wat moet toesien wie oor die drempel van sy huis in en uitgaan; dis aan hom wat die leiding van sy kinders in die kerk, op die skool, in die winkel, op die kantoor, in die maatskaplike verkeer, toevertrou word. Dis veral sy plig om te waak teen die diewe en roofdiere wat orals omswerf en op sy huisgesin loer. Hy moet toesig hou oor alles wat in sy huis ingevoer word in die vorm van gewoontes, vermake of boeke. Ontrouheid of sorgeloosheid hierin kan hom niks anders berokken nie as ellende in sy huisgesin en skuld voor God.

Onsterflike wesens word aan sy sorg toevertrou. En om sy werk te vergemaklik gee God hulle in sy hande, wanneer hulle nog teer en buigzaam is. Met sorg en getrouheid kan dit nie onmoontlik wees om hulle na Gods voorskrif te vorm nie. God is nie onregvaardig dat Hy van enige mens die onmoontlike sou eis nie. Met getrouheid en met die wysheid wat God

beloof het, kan verkeerde neiginge onderdruk word soos jong spruite aan 'n boom. Laat ons nie wys op die baie treurige voorbeelde van vroom vaders nie van wie die kinders op die weë van die sonde verdwaal is. Ons weet nie in hoeverre dit te wyte is aan onversigtigheid, ontrouheid, of te grote toegewendheid nie. Woeste diere word met sorg en volharding getem, en sou dit dan onmoontlik wees om met dieselfde sorg en volharding en met die beloofde hulp van die Almagtige God, aan redelike wesens wat teer en buigsaam in ons hande kom, die weg te leer wat hulle moet gaan?

By menige vader word die lus van die opvoeding verslap deur die droewe ervarings van ander, i. p. v. daardeur tot meerder nougesetheid en waaksaamheid aangespoor te word. Die geskiedenis van Eli en sy seuns staan seker nie opgeteken om vaders te troos met die gedagte, dat vroom ouers nie altyd vroom kinders het nie, of dat 'n vroom opvoeding nie altyd die gewenste uitwerking het nie.

4. Die vader is die *Leraar* van sy huis. „Leer de jongen” (Spr. 22:6), is 'n vermaning wat in die eerste plaas tot vaders gerig is. „Gij vaders! voedt uw kinderen op in de lering en vermaning des Heren”. Die plig van die vader is om die kinders te leer; en leer is nie straf of skel nie. „Leer de jongen” beteken: wees sy onderwyser, maak hom duidelik waar hy gedwaal of verkeerd gedoen het. Laat hom in sy vader 'n vriend vind wat hom tereg wys, nie iemand wat sy dade gadeslaan om iets te vind waaroor hom harde woorde of 'n kastyding

kan toegedien word nie. Menigmaal word by 'n kind 'n kennis van goed en kwaad veronderstel wat hy nie besit nie; en meer as een kind word gestraf oor 'n daad of 'n woord waarvan hy die verkeerdheid nooit geleer het nie. Watter vader sou tevrede wees met 'n onderwyser wat sy seun nooit tereg help nie, maar wat altyd gereed is om hom vir die verkeerde te straf of hard te behandel? Is so 'n onderwyser nie bereken om al die edele en goeie in so'n kind dood te maak en al die onedele en bose in hom op te wek nie? En tog, hoe menige kind het so'n onderwyser in sy eie vader?

Een van die noodlottigste foute wat 'n vader in die opvoeding van sy kinders kan begaan, is om hom só teenoor hulle te gedra dat hulle bevrees is om hulle gedrag daar buite onder sy oog te laat kom. Op dié manier leer kinders om te veins. En hoe kan 'n vader sy kind die verkeerde in sy gedrag aanwys, as die verkeerde nooit onder sy oog kom nie? Kan 'n kind nou vorder, as sy werk, so vol foute as wat dit is, nooit onder die oog van die onderwyser kom nie? Kinders moet hulle net so vry in die teenwoordigheid van hul vader kan beweeg as in sy afwesigheid. Hulle moet die oortuiging hê dat as daar iets verkeerd in hul gedrag is, hulle vader as hul leermeester hul tereg sal help.

5. Die vader is die *Priester* van die huis; en waar God hom 'n tent gee, daar moet God 'n altaar hê. „Ik en mijn huis, wij zullen de Here dienen.” Hoe menige huis is sonder die

huisaltaar wat smôrens en saans moet rook. Hoe menige huisgesin mis die priester wat die Heer se altaar moet bedien. Hoe dikwels moet die moeder, partykeer selfs 'n kind, God die offerandes van die gesin aanbied. En hoe groot is die getal huisgesinne waar die vaders die ware God nie ken nie, maar vlytige priesters van die afgode is en hulle kleintjies aan die Molog offer. Hoe menige kind het sy vader sien dans, drink en kaartspeel, maar het hom nooit met 'n Bybel in die hande, of op die knieë in die gebed gesien nie.

Toe 'n klein meisie uit 'n ligsinnige, ongelowige huisgesin, nadat sy 'n paar weke by 'n dorpspredikant aan huis deurgebring het, met haar moeder na die plaas moes teruggaan, vind die moeder haar, toe sy op die punt van vertrek staan, in die kamer op die knieë. En op die vraag wat sy daar doen, gee sy hierdie antwoord: „Moeder, in hierdie huis is 'n God; by ons op die plaas is nie een nie; en solank ons hier is, moet ons tot Hom bid.” Daardie meisie het haar vader in die ouderlike huis nooit, soos dit aan die pastorie gebeur het, tot God sien spreek nie en daaruit het sy toe besluit dat daar op die plaas geen God was nie. Wat 'n vreeslike beskuldiging teen die vader van die huis: „daar is geen God op u plaas of in u huis nie”!

6. Die vader is die *Voorbeeld* van die huis. Dit is nie genoeg dat hy die godsvrug met alle getrouheid by sy kinders aanprys nie; sy voorbeeld moet hulle, meer as sy woorde, die vrees van die Heer leer. Woorde wek, voorbeelde

trek. Hoe menigmaal wys vaders hulle kinders na die hemel, terwyl hulle self die ander weg inslaan? Is dit 'n wonder, as kinders weier om te gaan en verkies om te volg?

'n Vader het eendag sy twee seuns opgesluit tot straf vir 'n leuen wat hul vertel het. Die moeder wat hulle aan die deur beluister het, hoor toe die volgende gesprek: „Dink 'n bietjie,” sê die een, „dat Vader ons opsluit, omdat ons hom vertel het dat ons reëlreg van die skool af gekom het, terwyl hy ons op straat sien speel het.”

„Ja,” antwoord die ander, „dit is eenvoudig gemeen om ons te straf vir dinge wat hy self doen. Gister nog het ek hom aan Mnr. B. hoor vertel dat die perd hom £ 50 gekos het, terwyl hy aan moeder vertel het dat hy maar £ 30 daarvoor gegee het. — 'n Week gelede het hy aan Mnr. M. vertel dat die stuk grond wat hy wou verkoop, hom £ 15 die morg gekos het, terwyl hy vir ons aan tafel gesê het dat hy daarvoor £ 10 die morg betaal het.”

„En,” sê die ander, „vanmôre het ek hom hier voor die deur aan Mnr. S. hoor sê dat hy vir hom alles wat in sy vermoë is, sou wil doen, en aan die brekfistafel het hy aan moeder gesê dat hy daardie man nie onder sy oë kon verdra nie, — en dan sluit hy ons op, omdat ons 'n leuen vertel het!”

O, hoe dikwels is dit van kinders waar wat ons in die Konings van Israel lees: „Zij deden naar alles wat hun vaders gedaan hadden”!

Menige godvrugtige voorbeeld word nie nagevolg nie; tog laat dit 'n dieper indruk agter

op die kindergemoed as al die vroom lesse wat die kind ontvang het. 'n Bejaarde, maar nog onbekeerde seun van 'n reeds lang ontslape leraar het eenmaal gesê: „Ek sou reeds lankal alle godsdiens oorboord gegooi het as bedrog, omdat ek gesien het hoeveel mense 'n godsdiens bely, wat hulle nie betrag nie; maar wat my terughou is die voorbeeld van my vader, wat my nooit iets ingeskerp het, wat hy nie self gedoen het nie. My vader was 'n Kristen soos niemand dit is nie.”

Die welbekende Nederlandse predikant Dr. J. H. Gunning van Utrecht sê: „Nooit sal ek vergeet nie al word ek ook honderd jaar oud, die twee diep kuile in die knielkussing waarop my vader smôrens vroeg, as ons almal nog slaap, met God gespreek het.”

Vir Whitefield is eenmaal gevra of 'n sekere persoon wat die godsdiens bely het, 'n Kristen was. Sy antwoord was: „Hoe kan ek dit weet, daar ek nooit by hom ingewoon het nie?” Tereg het hy geoordeel dat die egtheid van iemand se godsdiens beoordeel moet word, nie na wat hy onder vreemdes bely of in die kring van Kristene praat of in die bidure bid nie, maan na sy wandel in die huislike kring. Bunyan beskryf sekere belyders „as heilige daar buite maar duiwels tuis”.

Dit is waar dat menige ondeunde en onbekeerde kind soos 'n boom is waarop 'n mens nog die merktekens van 'n godvrugtige opvoeding wat hy in sy jeug geniet het, kan bespeur. Maar dit is ook waar dat menige vader maar net maai waar hy gesaai het; die wrang vrugte

pluk van die verwaarlosing van sy kinders.

Daar is 'n boer wie se perde deur verwaarlosing wild geword het. Hy het hulle nog, maar kan hulle nie gebruik nie; hy self loop meestal te voet om ergernis en teleurstelling te vermy. Niemand anders wil hulle hê nie. Daar is 'n ander boer wat sy perde van jongs af met sorg en versigtigheid onder sy beheer gebring het. Hy het nie alleen baie genot of diens van die arbeid, aan hulle bestee nie, maar almal wil hul graag van hom hê.

Daar is 'n vader wat sy kinders met nougesetheid en sorg opvoed; onder Gods seën is die gevolg dat hulle gehoorsaam, diensvaardig en deur ander gewild is. Daar is 'n ander vader wat sy kinders aan hulself oorlaat, en die gevolg is dat hy self geen diens van hulle het nie en niemand anders hulle kan gebruik nie. Hy beny die ander vader se gehoorsame, bruikbare kinders; by homself soek hy egter nie die skuld nie.

2. Die Voorbeeld van die Vader.

Die kind uit die huis sal in die eerste plaas wees wat die moeder hom maak, maar ook nie minder wat die *vader* hom maak nie. „Nie minder nie”, sê ons. Ook aan hom is die kind toevertrou. Vader en moeder saam vorm die kind. Saam bou hulle aan dieselfde huis, saam rig hulle die skip van sy lewe na die veilige hawe, of na die rotse van verderf. Die moeder doen meer tot die inwendige vorming — die vader

tot die uitwendige. Die moeder het meer met die kind te doen, die vader meer met die jongeling en die man. Die moeder vorm die hart en die gemoed van die kind, die vader die verstand en die wil. Sy is die leidende element in huis, hy die bedrywige. En hierdie twee dele saam maak die hele mens uit; en waar albei elemente in die kind gewek is, is hy eers waarlik man, waarlik mens. Waar nie albei in die kind gewek is nie, word hy 'n halwe man. Hy het dan òf te veel van die vader en te min van die moeder, òf alles van die een en niks van die ander nie. Hy is hart alleen, of verstand alleen, heeltemal vrou of heeltemal man, te sag of te hard, te onbedrywig of te ru.

Nee! *Vader en moeder* (nie vader òf moeder nie) vorm die kind. Hulle help mekaar; hulle vul mekaar aan; hulle werk saam. Die een moet nie afbreek wat die ander opbou nie. Ons Heiland was volmaak kind en volmaak mens. In Hom was albei die vroulike en die manlike lieflik verenig. Hy kon ween en ook lag, lieflik seën en ook hard straf.

Soos die moeder is, so is die kind. Soos die vader is, so is die jongeling! Is die vader swak of onverstandig, traag of oneerlik: die seun is ook so. Is hy daarenteen sterk van karakter en manlik, vlytig en eerlik, sy voorbeeld word gevolg.

Baie vaders praat baie, maar hul handel nie volgens hulle woorde nie. Dade weeg altyd swaarder as woorde, veral by die kind. Woorde wek, maar voorbeelde trek. Voorbeeld, nie voorskrif nie! Die ongeluk van die Fariseërs

en Skrifgeleerdes was juis dit; daarom het hulle op die duur geen vat op die volk gehad nie; hulle het geen blywende krag uitgeoefen nie. Van hulle sê ons Heiland tot die skare: „Al wat zij u *zeggen* dat gij houden zult, houdt en doet dat; maar doet niet naar hun *werken*; want zij zeggen het en doen het niet” (Matth. 23 : 3).

Menige vader betreur 'n sonde in sy kind, ween en bid daaroor, ja vermaan en bestraf ernstig. Maar alles tevergeefs! Dit was sy eie voorbeeld, hoewel nie sy voorskrif nie. O! daar sou minder droefheid in die huis wees, minder trane oor 'n gevalle dogter, om 'n verlore seun, indien die voorbeeld meer die plek van die voorskrif sou inneem.

Dit is vreemd dat die name van die vaders van die goddelose *konings van Israel en Juda* genoem word; en kort-kort word hierdie woord herhaal: „Hij deed dat kwaad was in de ogen des Heren, *gelijk zijn vader*”. Dit word gesê van Abiam (1 Kon. 15 : 3); van Joram, die seun van Achab (2 Kon. 3 : 2); en van ander.

Daar is soms ouers wat dit ernstig en goed meen, maar wat een of ander swakheid het wat deur die kinders gevolg word, sodat hulle vir die verderf groot word. Abraham, die Godsmen, vertel 'n leuen aan die koning Abimelech (Gen. 20 : 2, ens.); en Isak, sy seun, doen dieselfde sonde by dieselfde koning (Gen. 26 : 10, ens.). Jakob weer, die seun van Isak, word 'n bedrieër (Gen. 27 : 20, ens.). So word die sonde van vader op seun voortgeplant, van geslag tot geslag; en met die sonde ook die straf. Dit lyk of God die misdaad ook van diegene wat

Hom liefhet, besoek aan die derde en aan die vierde lid (2de Gebod).

Eli het twee seuns gehad wat hy nie bestraf het nie, en wat was hul einde! Salomo het neergekniel en die afgod van sy vrou aanbid uit liefde en hoë verering vir haar; en sy seun Rehabeam „het die juk van Israel swaar gemaak en die volk met skerpioene gekasty” (1 Kon. 12 : 14). Toe kom die skeuring van die ryk, en onder hom was dit dat Juda (sy volk) gedoen het wat kwaad was in die Heer se oë... „meer dan al hun vaders gedaan hadden” (1 Kon. 14 : 22). Dit was alles die straf van God oor die een sonde van Salomo. Watter uitgebreide en bitter gevolge het hierdie skynbaar klein oorsaak nie gehad nie!

Dink ook aan die sonde van Dawid, die bitter vervolging deur, en die vreeslike dood van sy seun Absalom. „Toen werd de Koning zeer beroerd en ging op naar de opperzaal der poort en weende; en in zijn gaan zeide hij also: Mijn zoon Absalom, mijn zoon, mijn zoon Absalom! Och, dat ik, ik, vóór u gestorven ware, Absalom, mijn zoon, mijn zoon!” (2 Sam. 18 : 33).

„Zo rouwde hem te laat
Het aaklig gevolg dier bedachtloze daad”!

Watter vader is daar wat met sulke feite voor hom, nog onverskillig kan wees omtrent sy kinders? God kan elke oomblik rekenskap vra van wat Hy my gegee het, soos die baas sy rentmeester.

Daar is ouers wat, helaas! nie elke oomblik van hulle lewe van hulle kinders rekenskap

kan gee nie. Waar is u tienjarige kind, vader! in die late aand wanneer u met die moeder God by die huisaltaar dien? Hy is in die huis van sonde, of op die straat van roekeloosheid, of by die jong geselskap van onverskilligheid.

Waar is u dogter, moeder! op die Sondag-namiddag of in die aand? In die geselskap van ligsinniges waar onreine woorde en gesprekke die saad van onuitroeibare verderf saai.

Dit skyn die vloek van ons eeu te wees, dat ouers hulle kinders aan hulself oorlaat. Landman! doen dit 'n skoot aan u wingerd; laat hom vir 'n paar jaar lê. Doen dit 'n bietjie aan u diere; pas hulle nie op nie! U sê: „Nee, dit kan ek nooit doen nie.” Nou ja, en u kind? Is u perd en esel, u skape en varkens dan meer werd as u eie kind? Sy bloed kom oor u. God sal sy siel van u eis.

Dis hierdie klas kinders wat hulle lang-samerhand onttrek van Sondagskool en Kerk en van wat goed en edel is. Dis hierdie kinders wat oor God en godsdiens ligsinnig praat, wat spot met opsieners, leraar, Gods huis en Sy Woord. Dis hulle wat in vriendskaplike en godsdienstige byeenkomste in die hoeke skuil en stoornis verwek. Dis hulle wat in die stille ure van die nag die sonde soek en kwaad stig.

En sulke ouers? Hulle is konsuis vry en rein en sonder sonde en neem die eerste klippe op om ander te stenig! Hul praat die meeste en die eerste oor die pligte en tekortkomings van ander. Die splinter in die buurman se

oog sien hulle, maar nie die balk in hul eie oog nie.

„Veegt ieder voor zijn eigen deur,
dan is ons dorpje schoon.”

Ouers! neem u voor om u kind aan die Heer te gee, en Hy het die man. Gee my die lammers en ek het die kudde. „Gee my die kind, en ek het die man”, sê die „Roomse Kerk. Daarom rys daardie Kerk in ons land al meer en meer; ons sak in party opsigte. Die huisgesin is 'n maatskappy, 'n wêreld in 't klein. In albei bestaan daar dieselfde onderlinge betrekkinge. Daar is meerdere en mindere; wat regeer en wat geregeer word; hoof en lede. Wat in die maatskappy van 'n volk en 'n land geld, geld ook vir die huisgesin. 'n Koning maak 'n land voorspoedig of nie. Soos die hoof is, is ook die lede. Soos die koning, die volk. En ook soos die ouers is, is die kinders.

Wat is nou u voorneme, vader, moeder? Aan die belofte by die doop afgelê voldoen of nie? Naamlik om u kind in die vrees van God op te voed, of wil u hom as prooi aan die verderwers oorlaat? Wil u 'n woordbreker wees, 'n ontroue, 'n meinedige? Dit is wat ons voor God is, as ons ons kinders nie aan Hom wy nie. Ons sal ons strafgeensins ontgaan nie!

Sê nou met Josua tot God: „Aangaande mij, en *mijn huis*, wij *zullen* de Heer dienen” (Joz. 24 : 15). Dan sal u ook eenmaal tot God kan sê: Ziedaar ik, en de *kinderen*, die Gij mij gegeven hebt (Hebr. 2 : 13).

3. 'n Woord aan Vaders.

(Oorgeneem uit 'n buitelandse Blad).

'n Sekere regsgeleerde wat voor dié tyd so in sy besigheid verdiep was, dat hy sy kinders enigszins op 'n afstand gehou het, het bevind dat sy enigste seun buite die mag van sy moeder geraak het. Daar hy bevrees was dat, as hy die saak langer uitstel, raad te laat sou kom, besluit hy om bekend te raak met sy eie seun wat toe vyftien jaar oud was, en met daardie doel neem hy hom toe saam as met-gesel op 'n reis wat hy vir besigheid moes doen. Hy het hom nie behandel soos 'n seun oor wie hy die oog moes hou nie, maar soos hierdie verstandige man later in die teenwoordigheid van die skrywer vertel het, as volg:

„Ek het hom soos 'n geëerde gas behandel; en ek was verbaas toe die gewone bedeesheid verdwyn was, om te sien hoeveel goeie hoedanighede my seun had en watter aangename geselskap hy uitgemaak het. Nadat ons dae lank byna gedurig bymekaar gewees het, was ek verbaas om te voel dat die jare as 't ware van my afgegely het, en ek my halfvergete jongensjare weer 'n skoot oor geleef het.”

„Dit was nie my plan om op hierdie manier tot die seun se hart te genaak nie,” vervolg die man wat reeds 'n aansienlike ouderdom bereik had, voor hy 'n kind gehad het, en as regsgeleerde grys geword het; „maar my vertrouwe het daardie gevolg gehad, want nadat ek hom my jongensstreke vertel het, en hoe ek eenkeer ternouernood ontkom het aan iets

wat my karakter sou geruïneer het, het my seun wat met 'n uitdrukking van ongeloof sowel as van verligting op sy gelaat geluister het, uitgeroep: „O Pa, ek is so bly dat u nie vergeet het hoe seuns voel en waarmee hulle te stry het nie, want nou sal u alles verstaan.’

Asof hy met 'n kameraad praat, het my seun my toe vryuit 'n paar van sy eie verleidings vertel en hoe hulle hom byna oormeester het; want daar hy gevoel het dat sy moeder die dinge nie uit die oogpunt van 'n jongetjie kon beskou nie, kon hy hom nie aan haar ontboesem nie. En daar hy van oordeel was dat my jeug sonder misslae gewees het, was hy natuurlik tot die gevolgtrekking gekom dat ek geen medegevoel sou kon hê in sy stryd teen slegte versoekings nie.

Terwyl die seun my vol in die gesig aankyk, nadat hy 'n insig gekry het dat as hy alles alleen moes dra, sy hart sou dreig om te breek, roep hy uit: „Maar ek voel asof ek my teenoor alles kan stel, noudat ek weet dat u ook nie altyd op die regte baan geloop het nie. Maar vader, waarom het u my dit nie eerder vertel nie? Want dit sou my meer as een val bespaar het, as ek vir alles rondborstig kon uitgekrom het soos ek nou sal doen, aangesien ek nou begryp dat u dit sal verstaan.’”

„Dit was vyf jaar gelede,” voeg die regsgeleerde daarby, terwyl sy oë glinster, „en van daardie dag af het die seun nooit 'n angstige uur aan sy ouers besorg nie. Want dit het daar nie op aangekom hoe drukkend die regsake was nie, ek het altoos tyd gevind om die toe-

nemende vertroue van my seun te versterk. As gevolg daarvan kom hy sonder vrees tot my, want hy weet dat hy onder alle omstandighede sowel medegevoel sal geniet as goeie raad ontvang."

Die gesprek kom toe op die gebrek aan vertroue tussen vaders en seuns in die algemeen; maar niks wat oor hierdie onderwerp gesê is nie, is so van pas as die verdere aanmerkings van die geleerde man.

"Ek is nie haastig om ander te veroordeel in die dinge waaraan ek myself so lank skuldig gemaak het nie, maar ek is vas oortuig dat as ek nie die vertroue van my seun juis op die regte oomblik gewin het nie, hy spoedig buite die bereik van my invloed sou afgedwaal het. Dus het die ondervinding my geleer dat vaders 'n groot misslag begaan, as hulle hul seuns te verstaan gee dat volmaaktheid van hulle verwag word en dat, soos 'n vader medelyde het met sy seun' 'n gesegde is wat teenswoordig nie meer van toepassing is nie."

4. Die Omgang van die Vader met sy seuns.

Party vaders is nie goed bekend met hulle seuns nie. Hulle ken hul name en gesigte, maar weet nie wat hul doen wanneer hul onder die oë uit is nie, of waar hulle hul aande deurbring of die geselskap waarmee hulle omgaan of wat hulle lewensogmerke is of wat die beginsels is wat hul ingeprent word.

Hulle is nie op gemeensame terme met hulle seuns nie. Hul het nie hulle vertrouwe nie. Dit is noodsaaklik om baie nou aan die seun verbonde te wees, as die vader behulpsaam wil wees in die vorming van sy karakter. Dit is baie gewonne, as die seun die geselskap van die vader bo die van 'n ander verkies. Gelukkig is die vader wie se seun vol blydschap is as sy vader tuis kom; wat tot sy seun sê: Kom, laat ons 'n bietjie gaan loop of een of ander spel speel of praat oor die boek wat jy nou lees.

Die oorwinning is half behaal, wanneer die seun waarlik die geselskap van sy vader geniet, maar dis 'n moeilike geval, as die vader koud en onverskillig is omtrent die belange en die gevoelens van sy seun. Wanneer die vader die beste vriend is wat sy seun het en so handel dat die seun dit weet en op prys stel, dan kan so'n vader byna alles met daardie seun doen. Hy kan sy karakter vorm soos hy wil. Laat vaders geen moeite spaar nie om baie innig aan hulle seuns verbonde te wees en te bly.

Te veel vaders praat weinig met hulle seuns behalwe om hul te bestraf. Daar is 'n tyd vir vermaning en bestrawwing, maar dis nie altyd die tyd nie. Daar is 'n tyd vir wolke, reën en sneeu, maar as hierdie dinge die hele jaar deur duur, sou die aarde 'n onvrugbare en verlate planeet wees. Daar moet baie sonskyn wees. Luther Burbank, die groot liefhebber van plante, het wonders gedoen by die ontvou van verskillende soorte van plante, blomme en vrugte. Volgens hom is drie dinge absoluut

noodsaaklik in die plantewêreld — helder sonskyn, vars lug en goeie grond. Ander dinge moet ook in aanmerking geneem word, maar hierdie drie is volstreekte vereistes.

So is dit ook met die ontwikkeling van 'n goeie karakter: dit kan nie sonder sonskyn gevorm word nie. Laat daar sonskyn wees in u voorkome, sonskyn in u raadgewinge, sonskyn in u woning, sonskyn in u godsdiens. As die lug van die huis koud en treurig is en die van die hotel-kantien warm en aantreklik, dan sal die seun van die huis weggaan na laasgenoemde plek. Dit mag valse sonskyn daar wees, maar die kind word daardeur getrokke. As die vader nou aan sy seun wil verbonde wees, dan moet hy nie swaarmoedig en suur wees nie. Niemand kan 'n plek in die hart van sy seun hê nie, tensy dat hy deur-en-deur hartlik is. Hy hoef nie geleerd te wees nie, maar hy moet hartlik wees. Hy mag miskien nie in staat wees om sy seun met kragtige argumente te oorstelp nie, maar hy moet hom lok en behou deur sy hartlikheid.

'n Seun sal self weet of sy vader die dinge wat hy praat, self glo, of dat hy maar net praat om indruk te maak. As hy nie tot in die binneste van sy wese eerlik is nie, sal sy woorde tevergeefs wees. Maar as hy deur-en-deur eerlik is, sal een enkele woord meer weeg as 'n hele boekdeel. Sy woorde sal soos goue appels in silwer mandjies wees. Hulle sal wees soos spykers wat diep ingeslaan is deur die meesters van versamelinge wat gegee is van die enigste Herder.

5. 'n Voorbeeldige Vader.

Die groot sendeling, Paton, van die Nuwe Hebriede, is gebore op 24 Mei 1824 op 'n boerdery in die Suide van Skotland, digby Dumfries. Die plaas waarop die huisgesin gewoon het, was een van die eenvoudigste maar beste onderhoue plase van die buurte. Tussen die kombuis en die werkplek in het hulle 'n kamertjie gehad wat, soos Paton sê, „die heiligdom van die huis was”. Hy vertel verder:

„My vader het verskeie male op 'n dag, gewoonlik nà elke maaltyd, daar ingegaan en die deur op slot gesit. As by geestelike instink het ons dan begryp dat daar gebede ten onse behoefte opgestuur word. Partykeer het ons 'n bewoë stem, wat as om lewe smeek, gehoor en dan het ons saggies op ons tone verby geloop, om daardie heilige onderhoud nie te steur nie. Al kon vreemdes nie vermoed waar die sagte glimlag, die hemelse glans op pa se gelaat vandaan kom nie, — ons het dit goed geweet. Dit was die afstraling van die hemelse atmosfeer waarin hy geleef het. As dit moontlik was dat ek alle ander godsdienstige waarhede sou verloor en dan terugdink aan hierdie heiligdom uit my eerste kindsheid, waaruit my siel as 't ware nou nog 'n stem tot God hoor opklim, dan sou dit uitroep: „Hy het met God gewandel; waarom sou u dit nie ook kon doen nie?”

Paton se moeder was 'n vrou met 'n warm hart, vol moed, ywer, geduld en vlyt, 'n ware heldin. Gedurende 43 jaar het sy haar elf

kinders omring met so 'n gesonde, blymoedige en diepe godsvrug, dat hulle haar daarom met 'n biesondere verering aangesien het. „As ek haar vergelyk met ander wat in die besit was van baie meer aardse goedere as sy,” het haar seun eenmaal gesê, „dan seën ek haar nagedagtenis.”

Toe Paton se vader sewentien jaar oud was, het hy 'n innerlike geestelike krisis deurgemaak, waarna hy openlik bely het dat hy 'n disiepel van Jesus Kristus was en op 'n heeltetal besliste wyse het hy sy Meester gevolg. Tot op daardie tyd was daar net op Sondae huisgodsdiensoefening gehou, maar van toe af het hy sy ouers omgepraat om dit gereeld smôrens en saans te laat plaasvind. En tot op tagtigjarige leeftyd het die vader van ons sendeling hieraan in sy eie huis getrou gebly, en het dit die vreugde van sy lewe gebly.

Paton sê: „Geen mark, geen besigheid, geen besoeke, geen blydschap en geen smart, het ons ooit verhinder om saam neer te kniel met ons vader nie wat soos 'n hoëpriester van die Ou Verbond, ons almal se gebed tot God opgestuur het. Ek kan nie sê watter diep indrukke die gebede van my vader op my gemaak het nie, en die wat hulle nooit gehoor het nie, kan hulle nie 'n denkbeeld daarvan vorm nie. Wanneer hy in die huisgodsdiensoefening met ons almal om hom heen gekniel, sy hart voor God uitgestort het en met trane om die bekering van die heidene en vir die node van diegene wat hom omring, gebid het, dan het ons in die nabyheid gevoel van die Heiland wat ons as

ons beste Vriend leer ken en liefgekry het. En as ons opstaan, dan het ek gewoonlik in die lig na my vader se gelaat gekyk en in eenselfde gees met hom het ek gebid dat God, in antwoord op sy gebede, my die voorreg moes skenk om die Evangelie in een of ander deel van die heidenwêreld te bring."

Paton se vader het 'n groot begeerte gehad om predikant te word, maar toe hy sien dat God hom op 'n ander weg lei, doen hy die gelofte: „As God my seuns gee, sal ek hulle sonder om te aarsel aan die diens van Jesus Kristus toewy, indien God my die weg daartoe open." En hy het drie van sy seuns in die Koninkryk sien arbei, terwyl hulle werk met die rykste seëninge bekroon is.

„As hy hom genoodsaak gevoel het om een van sy kinders oor 'n ernstige fout te bestraf, dan het hy eers in sy kamer gegaan. Ons het begryp dat hy dan die hele saak aan God blootgelê het. Al die ander soorte van kastydinge sou ek nog kon trotseer, maar daardie onderhoud met God het tot my gewete gepraat; dit was my swaarste straf, en die beslissing van my vader was vir my soos 'n boodskap van God. As ons dan sien hoeveel dit ons vader kos om ons te bestraf, dan het ons harte in liefde vir hom ontbrand. Gelukkig het dit nie veel voorgekom dat hy een van sy elf kinders moes straf nie; ons is meer deur liefde as deur vrees geregeer."

HOOFSTUK III.

DIE MOEDER.

I. Die Roeping van die Moeder.

Toe aan Napoleon eendag die vraag gestel is: „Wat is die groot behoefte van die Franse nasie?” het hy geantwoord: „Moeders!” Frankryk het wel genoeg vrouens met kinders gehad, maar te min aan wie die naam van moeder kon gegee word. Hy het ingesien dat „moeder” baie meer beteken as om „kinders te hê”. Nie die vrouens nie, maar die moeders van Frankryk het die toekoms van daardie volk in hande gehad.

Moeder is die eretitel van die vrou, en niemand is met hoër waardigheid bekleed nie, as sy wat werklik moeder is. Geen sterfling staan in nouer verband met God in die volvoering van Sy ewige raadsbesluite ten opsigte van die menslike geslag nie, as sy wat moeder genoem word. Aan geen sterfling, aan geen engel het God meer toevertrou nie as aan haar. Sy het, vir sover as wat 'n skepsel dit kan hê, die toekoms van die mensheid, sy ewige bestaan, in haar hande. Geen invloed

ten goede reik so ver as die van die moeder nie. Sy het die toekoms van 'n nasie, van die Kerk, van die wêreld, in haar mag.

Die Evangelie leer ons wat God van 'n moeder dink en verwag. Toe die Eniggeborene die skoot van Sy Vader moes verlaat om in 'n goddelose wêreld al die stadiums van die menslike lewe te deurloop, het God Hom aan die sorg, koestering en opvoeding van 'n moeder oorgegee. Al die hulp en medewerking wat die ewige God van menslike kant nodig had vir die vorming van Sy Seun en die volvoering van Sy ewige raadsbesluite, het Hy van 'n moeder verwag. Hy het die vorste, rykes en geleerdes van hierdie wêreld verbygegaan en Sy Eniggeborene toevertrou aan die sorg van 'n arm nederige vrou wat vir Hom 'n moeder kon wees. In Maria sien ons dus wat God van 'n moeder dink en wat Hy van haar verwag. As al die vrouens wat kinders het, tog ook moeders was!

Slegs die ewigheid sal ten volle openbaar wat onsterflike wesens aan moeders te danke het. Maar reeds hier het ons al menige treffende aanduiding van haar invloed ten goede of ten kwade. Wie, as hy die geskiedenis van die konings van Israel en Juda lees, kom nie by die gedurige vermelding van die name van die moeders tot die gevolgtrekking nie dat die vrouens baie invloed op die vorming van die karakters van daardie manne gehad het? En hoe dikwels het dit nie uit die geskiedenis van die wêreld geblyk nie dat seuns duidelik die karaktertrekke van hulle moeders vertoon. Die

wrede Nero se moeder was 'n moordenaress. John Wesley se moeder was vermaard weens haar verstand, haar godsvrug en haar vermoë om iets wat sy onderneem, ten uitvoer te bring, sodat sy self „die moeder van die Metodisme” genoem is. Dit is waar wat iemand êrens gesê het: „Die hart van die moeder is die kind se skoolkamer.”

Die ware moeder moet baie meer wees vir die kind as sy voedster. En tog het menige kind meer aan sy voedster as aan sy moeder. Die vrou wat die naam van moeder verdien, sal die eerste plek in haar hart, in haar sorge, in haar tyd aan haar kind gee. Die suigling is die anker van die moeder; en soos 'n skip altyd om en nooit ver van die anker af swaai nie, so kan die moeder ook nie ver van haar kind wees nie. Haar eerste en vernaamste sorg is haar kind. As vrou kan sy veelvuldige sorge hê, as moeder het sy maar een, — die van die klein wesentjie wat vir twee wêrelde moet opgevoed word.

Om die gewig van haar roeping het God haar as 't ware van die hele wêreld rondom haar afgesluit en al haar werksaamhede tot die kring van haar kinders bepaal. Elke moeder het in haar kinders soveel as wat sy in die ewigheid voor sal wil verantwoordelik gehou word. Die vrou wat die skouburg en die dartel geselskap bo die kinderkamer en die omgewing van haar kleintjies verkies, is die skoon naam van moeder onwaardig.

Die moederhart se grootste sorg is die vir haar kinders. En omdat haar kleintjies vir

twee wêreldes geskape is, mag sy haar bekommernis nie net tot die teenswoordige wêreld alleen bepaal nie. En die getal kinders is klein wat moeders het, — vrouens wat diep bekommer en besorg is oor die siele van die kinders wat hulle in die wêreld gebring het. Groot is die getal van diegene wat deur die kinders by die erenaam „moeders” genoem word en wat tog „so weinig moeder is”; wat hulle bekommer oor allerlei beuseling en die verbygaande genietinge van die wêreld en nooit oor die welsyn van die kleintjies nie wat so diep afhanklik van haar is.

Dit word vertel dat daar eendag 'n wulpse moeder was wat, toe haar huis in brand gestaan het en sy slegs tyd had om die allerkosbaarste te red, vir haar goue versiersels en juwele gesorg het en haar suigling vergeet het wat gevolglik 'n prooi vir die vlamme geword het. Hoeveel moeders roep skande oor haar, maar doen dieselfde! Hul soek en gryp na die ydelhede van hierdie wêreld ten koste van die redding van hulle eie siele en die van hulle kinders.

„Leer de jongen” (Spr. 22 : 6) is 'n plig wat die moeder in die eerste plaas en die beste kan vervul. As die ou ogies van liefde fonkel en die ou armpies na die moeder uitgesteek word of die moederhals omhels, is dit dan nie of die kleintjie sê nie: Ek vertrou u, my enigste hoop is op u, leer my, wees vir my in der waarheid 'n moeder? Is die ontroue eggenoot skuldiger voor God as die moeder wat die vertroue skend wat God en haar kinders in haar gestel het?

„Leer de jongen!” Ons lees van heidense

moeders wat meer as een sogenoemde kristelike moeder van skaamte moes laat bloos. Hulle neem hulle suiglinge, lank voordat hulle 'n woord kan praat, na die afgodstempels en leer hul hul handjies in 'n houding van gebed vou. Sodra hulle kan loop, word hul geleer om blomme of vrugte, of 'n bietjie rys op 'n piesangblaar, op die altaar vir die afgodsbeeld te lê. Sodra hulle die name van hul ouers kan uitspreek, om tot daardie beelde te bid. Die berig-gewer vra: „En wie het ooit 'n heidenkind gesien wat kan praat maar wat nie kan bid nie?” Dis 'n ontsettende skuld en skande op die moeders van 'n kristelike land dat daar soveel kinders in ons dae opgroei wat nooit geleer het om te bid en God te vrees en te dien nie. Is die groot behoefte van die teenswoordige geslag nie MOEDERS nie?

'n Ongelowige jongeling wat deur die gebede van 'n vroom moeder op die pad van ondeug agtervolg was, het tot oortuiging van sonde gekom. In die benoudheid van sy siel het hy in 'n bidstond uitgeroep: „God van my moeder, wees my genadig!” Weet alle kinders wel dat hulle moeders 'n God het wat in elke nood kan help?

'n Brawe man het eenkeer gesê: „Toe ek nog klein was, het my moeder my naas haar laat kniel; sy het haar hand op my hoof gehou en vir my gebed. Sy is gesterwe eer ek haar kon waardeer. Net soos ander was ek ook geneig om aan bese drifte toe te gee. Ek het in baie lande gereis en in velerlei versoekings gekom. Maar ek het altyd die drukking van haar hand op my hoof gevoel, en partymaal

was dit nes of 'n stem my plegtig toefluister: „My kind, moenie hierdie sonde doen nie, moenie teen God sondig nie!” Moeders, wat miskien net so vroeg van die kring van hulle kindertjies deur die dood verwyder sal word, watter indrukke en herinneringe sal u op die gemoed van u kinders agterlaat?

Die lewendigste, die onuitwisbaarste indrukke wat 'n mens by hom tot in die grysheid omdra, is die wat hy van sy moeder ontvang het. Die kapelaan van 'n gevangenis in Amerika skryf o.a. dit: „Ek het in die gevangenis 'n man van 50 jaar oud gekry; hy het byna al die lande van die wêreld deurreis en allerhande goddeloosheid wat hy kon bedink, gepleeg. Hy vertel van baie ontmoetings wat hom tot erns moes gestem het, maar laat daarop volg dat niks wat met hom gebeur het hom ooit tot erns gebring het nie, dan wat sy moeder kort voor haar dood aan hom gesê het.

Sy was 'n warme en opregte Kristin en het in Trenton, New Jersey, gewoon. Toe sy merk dat sy gaan sterf, het sy hom in die kamer geroep; hy was toe 12 jaar oud. Sy het sy hand geneem, hom vertel dat sy hom gaan verlaat en hom gesmeek om die Heiland so te bemin en so vir sy siel te sorg, dat hy haar in die hemel kon ontmoet. Sy het sy hand vasgehou totdat hare deur die dood koud was. Hy verseker my dat hy, in al die jare waarin hy steeds dieper in die maalstroom van ongeregtigheid gesink het, nooit die woorde van sy sterwende moeder vergeet het nie en nie anders as met huiwering daaraan kon dink nie.”

Hoe diep en blywend is die indruk wat 'n ware moeder op die gemoed van haar kind kan maak!

„Leer de jongen de weg, die hij gaan moet; als hij ook oud zal geworden zijn, zal hij daarvan niet afwijken, of afwijkende zal hij die niet vergeten.”

En die invloed van 'n moeder kan op so velerlei maniere uitgeoefen word. „Die kus van my moeder het my 'n skilder gemaak,” het 'n beroemde kunstenaar eenmaal gesê. „Toe ek nog 'n klein seuntjie was, het ek my sustertjie in haar wieg geteken; my moeder het gesien dat daar genie in my was en het my toe 'n soen gegee. Daardie eienste soen het my gemaak wat ek vandag is.”

As meer as een kind, toe hy vir die eerste maal probeer het om 'n edel daad te verrig of om sy voet op die pad van die godsvrug te sit, 'n soentjie van sy moeder ter bemoediging ontvang het, hoe anders sou sy lewensloop gewees het! Met koue onverskilligheid word hy aangekyk of, wat erger is, hy word in sy strewe ontmoedig.

Dan leer die ervaring ons dat 'n belofte aan 'n liefhebbende moeder gedoen, deur kinders gereken word as die heiligste wat hulle afgelê het. Hiervan sou baie voorbeelde kan genoem word; ons gee slegs een.

'n Jong soldaat het verlov gekry om huis-toe te gaan, maar hy het geaarsel en om veertien dae uitstel gevra. Toe hy eindelijk kom vra om te gaan, dring sy offisier by hom aan om die rede van sy uitstel; en dit is die antwoord wat hy gegee het: „Ek het my moeder belowe

om 'n Kristen te word in die leër; totnogtoe het ek dit versuim en ek kon nie huis-toe gaan nie, alvorens ek die eerste vraag wat my moeder my sal doen, kon beantwoord nie."

Hoeveel moeders is daar wat soos hierdie een, soek om hulle kinders aan die leringe en vermanings van die ouderlike huis te bind? Menige kind is vir die ellende waarin ander versonke is, bewaar gebly, omdat hy kon sê: „Ek het my moeder belowe om dit nie te doen nie."

„Klein kindertjies en hoofpyn, groot kinders en hartpyn" is 'n Italiaanse spreekwoord. Die wat die hoofpyn wil vermy, d. w. s. die wat die baie sorg en pligte van 'n moeder ten opsigte van haar klein kindertjies wil ontduik, moet nie verwonderd wees nie, as hulle later bitter hartpyn moet verduur nie.

2. Die Voorbeeld van die Moeder.

In die opvoeding van 'n kind neem die ouers die vernaamste plek in en wel veral die *moeder*. Deur haar invloed is die kind van die vroegste jeug af, as die hart nog jong en teer is, vatbaar vir goeie of vir slegte indrukke. Sy leer die kind goed of kwaad, sy leer hom bid of die naam van die Heer ydellik gebruik.

Haar invloed is *stil en sag* en daarom van die grootste krag op daardie jong en teer hart. Die stille, aanhoudende, kragtige werking van die moeder se voorbeeld is soos die stille krag van die suurdeeg wat gedagte, woord en lewe